’n Strategiese Benadering met betrekking tot Bloubosluis beheer
Dr Charles Gilfillan BSc(Agric) BVSc(Hons)
Tegniese Bestuurder Afrivet

Strategiese bosluisbeheer verwys na bloubosluisbeheer op plase waar daar geweldige probleme is met hoë bosluisladings in die laat somer en herfs. Dit is belangrik om te onthou dat die normale multigasheer bosluisbeheer (dip/sproei of opgietmiddels) moet inskakel en saam met die strategiese bloubosluisbeheer geskied.

Fig 1 Erge Bloubosluis Besmetting

Omdat laas somer buitengewoon nat was, was daar ’n ontploffing van bloubosluis getalle op baie plasse en die blou bosluis siklus het tot in die winter aangehou. Dit beteken dat daar ’n hoe getal van bloubosluid eiers op die veld teenwoordig is. Die eiers gaan na die eerste lente reëns uitbroei en as die eerste generasie bosluise nie beheer word nie sal dit lei tot nog ’n ontploffing van bloubosluise in die laat sommer en herfs. (Sien Fig 2)

Om ’n ontploffing in die bloubosluis bevolking in die laat somer en herfs te vermy is dit baie belangrik om strategiese beheer nou toe te pas, voordat die eerste generasie volwasse bosluise aanleiding gee tot ’n groot getal larfies in die tweede en daaropvolgende generasies (Sien Fig 2)

Dit is baie belangrik om te onthou dat alhoewel die opgietmiddels uitstekende doeltreffendheid teen bosluise het (behalwe natuurlik in die geval van bloubosluis weerstand), hierdie formulasies ’n hele paar aanwendings nodig mag hê voordat volkome verspreiding van die produk oor die dier bereik word. Veral aan die onderlyn van die pens sal daar nie voldoende bedekking van die produk na die eerste aanwending wees om ’n swaar uitdaging van bloubosluis besmetting te beheer nie.

Ecomectin 1% inspuitbaar Reg. No. G2275 Wet 36/1947 & Ecobash Reg. No. G3382 Wet 36/1947
Registrasie houer: Eco Animal Health Southern Africa (Pty) Ltd. Co .Reg. No. 92/00835/07
Triatix Bees Opgeitmiddel Reg. No. G3444 Wet 36/1947, Triatix 125 Reg. No. G3189 Wet 36/1947, Triatix 250 Reg. No. G3190, Coopers Redline Reg. No. G3445 Wet 36/1947, Deacspot 0,5% Reg. No. G3433 Wet 36/1947 & Clout Reg. No. G1447 Wet 36/1947
Registrasie Houer: Coopers Veterinary Products (Pty) Ltd Co.Reg. 2002/012376/07. Posbus 46 Isando 1600 RSA
Bemark deur : Afrivet Business Management (Pty) Ltd. Co. Reg. No 2000/011263/07. Posbus 2009, Faerie Glen 0043. Tel:012 991-6416 Fax:012 991-6417. www.afrivet.co.za 0860 VEEARTS
Julie 2010



Fig 2 Seisoenale tendens van bloubosluis getalle *(Boophilus spp.)*

------- Geen Beheer ------ Doeltreffende Beheer

Daarom beveel ons aan dat vir die eerste strategiese behandeling 'n kombinasie van 'n makrosikliese laktoon bv. **Ecomectin 1% Inspuitbaar** plus 'n opgietmiddel soos **Coopers Redline of Triatix Bees Opgietmiddel** gesamentlik gebruik moet word. Hierdie kombinasie is nie net die mees doeltreffende manier om die lente opkoms van bloubosluise te beheer nie, maar sal ook voldoende beheer van multigasheer bosluise verseker.

Sodra die boer die toename in die eerste generasie bloubosluise waarneem, sal die toediening van 'n kombinasie van **Ecomectin 1% Inspuitbaar** en 'n opgietmiddel die bosluisbevolking baie doeltreffend verminder. Maar dit moet onthou word dat wanneer beeste na nuwe kampe geskuif word, is daar nuwe larfies wat wag om op die beeste te klim. Dit word dus aanbeveel dat wanneer beeste na nuwe kampe geskuif meot hulle weer behandel word. Dit word aanbeveel dat beeste deur die lente op 'n maandelikse basis behandel word m.a.w. 3 inspuitings een maand uit mekaar uit. (langer tussenposes kan gebruik word indien beeste nie na nuwe kampe geskuif word nie – beeste moet behandel word sodra die eerste volwasse bloubosluise waargeneem word).

Hierna kan die normale bosluis beheer toegepas word, bv. Opgietmiddels **(Coopers Redline, Decaspot 0,5% of Clout)**, dip of sproei (**Triatix 125/250 of Ecobash)** om bosluis beheer dwarsdeur die somer en herfs te handhaaf.

Die gebruik van makrosikliese laktone (**Ecomectin 1%**) is veral nuttig op plase waar bloubosluisweerstand 'n probleem is.

Ecomectin 1% inspuitbaar Reg. No. G2275 Wet 36/1947 & Ecobash Reg. No. G3382 Wet 36/1947
Registrasie houer: Eco Animal Health Southern Africa (Pty) Ltd. Co .Reg. No. 92/00835/07
Triatix Bees Opgeitmiddel Reg. No. G3444 Wet 36/1947, Triatix 125 Reg. No. G3189 Wet 36/1947, Triatix 250 Reg. No. G3190, Coopers Redline Reg. No. G3445 Wet 36/1947, Deacspot 0,5% Reg. No. G3433 Wet 36/1947 & Clout Reg. No. G1447 Wet 36/1947
Registrasie Houer: Coopers Veterinary Products (Pty) Ltd Co.Reg. 2002/012376/07. Posbus 46 Isando 1600 RSA
Bemark deur : Afrivet Business Management (Pty) Ltd. Co. Reg. No 2000/011263/07. Posbus 2009, Faerie Glen 0043. Tel:012 991-6416 Fax:012 991-6417. www.afrivet.co.za 0860 VEEARTS
Julie 2010